

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 18-3:6, 7 (29:6, 7)**

- 6 Aanswellend soos 'n onweerskoor, / het ek die sangerstem gehoor  
van die verlose skare – / geweldig soos 'n donderslag,  
swaar soos die dreuning in die nag / van opgesweepte bare.
- 7 Hul sing die “Halleluja” weer. / “Want,” sê hul, “onse God en Heer  
is aan sy Woord gedagtig: / die groot verlossingsdag is daar,  
Hy het die koningskap aanvaar / en heers as God almagtig.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 119:53 (p. 596)

- 53 Tot U roep ek; HEER, verhoor my, / en verlos my, maak my trou,  
dat ek u getuienisse / heel my lewe lank kan hou.  
Op u woord steun my verwagting: / smôrens by die eerste lig  
is my oë en my hande / en my stem tot U gerig.

## Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet bid ons voor God vir skuldvergifnis met Psalm 86:1 (p. )*

Wet

## Psalm 86:1 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!  
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.  
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;  
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Psalm 34:8 (p. 169)

- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke<sup>n</sup> is en verskeur.  
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.  
Hoe kom hul altyd weer, / die teëspoede van wie hier  
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Skriflesing: Ester 7

Teks: Ester 7:4

**Want ons is verkoop, ek en my volk, om verdelg, gedood en uitgeroei te word.  
Was ons nog as slawe en slavinne verkoop, dan sou ek geswyg het, maar hierdie  
ramp sal onder die verliese van die koning sy weerga nie hê nie.  
(Ester 7:4 AFR1953)**

Hierdie is die laaste gedeelte van Israel se geskiedenis voor die begin van die Nuwe Testament.

- Die Ballingskap is agter die rug. Intussen het Darius die koning van die Babiloniese ryk geword.
- Na Darius se dood het sy seun Xerxes in sy plek koning geword. Xerxes het 'n ander naam ook gehad: Ahasveros.
- Hierdie Ahasveros was 'n man sonder persoonlikheid. Herodotus, die Griekse geskiedskrywer van hierdie tyd, skryf dat Ahasveros baie ligsinnig en wispelturig van geardheid was.

Die Bybel onderstreep hierdie feit.

- By 'n dronkmaal voor een van sy veldslae, het sy vrou Vasti geweier om hom te gehoorsaam.
- Die gevolg was dat sy onthef is as koningin.
- 'n Nuwe koningin is uitgesoek uit al die mooi jong vroue in die land.

Op dié manier het 'n Joodse meisie koningin geword.

- Sy was een van die Jode wat nie na Palestina teruggekeer het nie.
- Die doel van die geskiedenis is dan ook dat die Here hierin openbaar dat Hy vir die wat syne is sorg, al is hulle waar in die wêreld.

Ahasveros het 'n gunsteling in sy hof gehad met die naam Haman.

- Hierdie man was 'n nakomeling van Agag, die koning van Amalek, die koning teen wie Saul moes optrek en hom met sy hele volk met die banvloek moes tref.
- Koning Ahasveros het in sy swakheid 'n bevel uitgevaardig dat almal voor sy gunsteling Haman moet neerval as hy in hulle nabyheid is.

Die ooreenkoms tussen die twee botsende partye (Saul/Amalek en Mordegai/Haman) gaan nog verder, want Saul self was 'n Benjaminiër.

- Net so is Mordegai, die oom van Ester wat ook aan die hof van die koning was, ook 'n Benjaminiër.

In hierdie tyd was die Oosterse koning as 'n god beskou.

- Toe Ahasveros die bevel uitvaardig dat almal voor Haman moet neerval, het dit beteken dat hy goddelike magte aan hierdie man toegeken het.
- Om voor Haman neer te val beteken dus naakte afgodsdienste.

Dit was juis hierdie ding wat die spanning in die paleis veroorsaak het.

- Almal het voor Haman neergeval, behalwe een Jood.
- Hierdie Jood het net voor God alleen gebuig – Mordegai die Benjaminiër.

Tipies volgens die Oosterse heidene is hierdie tipe oortreding nie op klein skaal gestraf nie.

- Haman wil nie net vir Mordegai dood hê nie.
- Hy weet daar is baie meer Jode wat hom nie as godheid erken nie.
- Daarom beplan hy met sataniese lis om alle Jode uit te moor.

Hy gaan na Ahasveros toe en versoek om die Jode almal uit te moor.

- Om seker te maak dat die koning instem, bied hy aan om aan die koning 'n som geld te gee wat gelykstaande is aan die belasting wat die Jode oor een jaar sou betaal; die koning sou hierdie bedrag verloor as die Jode uitgemoor word.

Die Here het egter nog altyd uitkoms voorsien waar sy uitverkorenes bedreig word.

- In hierdie geval is dit ook so. Ester is koningin – deur God voorsien dat sy toegang het na die koning toe ter wille van sy volk. Ester berei 'n feesmaal vir die koning. Sy gaan nooi hom persoonlik uit na die maaltyd toe, en nooi hom om Haman saam te bring.

Die koning kon baie duidelik sien dat hier iets skort.

- Die eerste spore daarvan kon hy sekerlik al op Ester se uiterlike sien, want sy het reeds drie dae gevas.
- Drie dae sonder kos, gepaard met baie spanning, laat nie 'n vrou op haar aantreklikste en varsste vertoon nie.

Die feit dat sy ook nie dadelik wil sê wat skort nie, het die koning verder onder die indruk van die erns van Ester se saak gebring.

- Daarom die oordrewe belofte dat hy haar al by voorbaat enigiets sou gee wat sy sou vra, al is dit die helfte van sy koninkryk.

Die koning is baie gespanne.

- Sekerlik deels oor die ongewone gedrag van sy lieflingvrou, Ester.
- Die Bybel vertel in baie duidelike taal dat die koning geen geheim gemaak het van sy groot liefde vir Ester nie.

Teen hierdie agtergrond tref ons die geselskap by die ete aan.

- Hulle het nou klaar geëet en is besig om wyn te drink.
- Op daardie stadium versoek die koning Ester om haar wens te lug – hy wil nou weet wat aangaan.

Sonder aarseling, maar baie eerbiedig begin Ester:

**As ek genade gevind het in u oë, o koning, en as die koning dit goedvind, laat my my lewe geskenk word op my bede, en my volk op my versoek.**

Heftig maar ook bewoë.

U kan u voorstel watter verwarring en skok daar op hierdie oomblik deur die koning moes flits.

- In sy paleis versoek sy vrou hom om haar lewe te spaar.
- Iemand is besig om 'n aanslag op sy lieflingvrou se lewe te maak.
  - In 'n Oosterse paleis was dit 'n absoluut onvergeeflike sonde.
- Sy gaan verder met haar betoog: **Want ons is verkoop, ek en my volk, om verdelg, gedood en uitgeroei te word.**

Sy stel haar eie lewe voorop.

- Sy speel hier met haar vroulike lis, want sy wil die koning op hierdie manier daaraan herinner dat hy groot toegeneentheid teenoor haar bewys het, en dat sy sekerlik nou op sy beskerming geregtig is.
- Maar noudat daar van 'n ander volk sprake is, moes Ahasveros (Xerxes) ook begin beseef dat hierdie geliefde vrou van hom 'n Jodin is – sy is nie 'n Babiloniër nie.

Miskien was die koning ook gedeeltelik woedend omdat hierdie lieflingvrou van hom hom bedrieg het.

- Sy het op aanbeveling van Mordegai nooit haar identiteit bekendgemaak nie; sy het dit doelbewus verswyg.

Die haat waarmee Haman sy planne teen die Jode smee, kom ook daarin uit dat Ester dit duidelik stel dat hierdie hele uitroeiing niks anders is as 'n handelstransaksie nie.

- Die opeenstapeling van die geweld, naamlik *verdelg*, *gedood* en *uitgeroei*, is die presiese woorde soos dit in Haman se kontrak gestaan het.

Dit het Ahasveros laat beseef hoe Haman hom onderkruip het.

- Ester sou moes sterf, want die bevele van die Perse kon nie herroep word nie.

- Hierdie onkunde van hom sou hom sy troon kos wanneer dit aan die lig kom dat hy dan nou 'n Joodse vrou het.
- Iemand wat nie weet wat aangaan onder sy onderdane nie, kan tog nie oor die volk regeer nie.

Ester het nog argumente. Sy wil Haman deeglik aan die kaak stel.

- Daar mag geen moontlikheid wees dat hy met allerhande praatjies weer die guns van die koning kan terugwen nie.
- Al het Haman een jaar se belasting betaal, gaan die moord op die Jode die koning baie kos.
- Daar is onberekenbare skade op pad, want wie gaan hulle belasting die volgende jare betaal as hulle nie meer daar is nie?
- Die koning gaan op die lang duur onder hierdie bevel ly.

Die koning is ongetwyfeld beïndruk.

- Wie het hierdie ding gedoen? Wie is hy, en waar is hy wie se hart hom ingegee het om so te maak?
- Die koning het dus die onheil van Haman se plan gesnap.

Dan is dit breekpunt.

- Die teëstander en vyand is hierdie slegte Haman.
- Daarvoor moes Haman na die maaltyd toe kom.
- Ester wou by wees sodat Haman nie weer die saak agter haar rug met leuens toesmeer nie.

In sy woede staan die koning op om buite in die tuin te gaan vars lug soek. Haman bly by Ester agter.

- Hy besef heeltemal dat die koning se gedagtes nou vol onheil is, en dat daar vir hom baie teëspoed aan die kom is.
- Hy besef ook dat daar net een persoon is wat moontlik kan sorg dat sy lewe gespaar bly – dis Ester.

Hy val voor haar neer op die rusbank waarop sy sit.

- Ongelukkig vir hom is dit presies die oomblik waarop die koning weer terugkom in die vertrek.
- Die koning maak sy eie afleiding van dit wat hy sien.

Ester sien dat die koning die situasie verkeerd lees, maar sy help hom nie reg nie.

- Sover dit Ester en die Here aangaan, is hierdie die oomblik waarop die waarheid Haman inhaal en hy gestraf moet word.
- Die slawe spreek sommer al vir die koning die vonnis uit, want hulle gryp Haman en druk sy oë toe.

Dit beteken dat hy die koning nie meer mag sien nie, en dat hy met die doodstraf gestraf gaan word.

- Dit was altyd 'n guns om die koning te mag sien, en Haman het hierdie kans verbrou.
- Haman het te ver verbrou – hy het God te ver versoek deur sy volk skade te wil aandoen.

*Die toedruk van sy oë is dus ook simbolies daarvan dat hy sy guns by die Here verbeur het. Hy gaan die Here se oordeel tegemoet vir die oortreding teen sy volk.*

Die lyne is baie duidelik. Haman en sy werk verteenwoordig die duiwel se werk en sy lis teen die ware gelowiges – nie noodwendig net teen die Jode nie – hulle verteenwoordig God se kinders deur alle eeue.

Die betekenis van hierdie stukkie geskiedenis is dat Ester en Mordegai met hulle optrede die volgende leer:

- Te midde van al die geweld en moord wat die duiwel en sy magte bedink, is God magtiger.

- Onder alle omstandighede beskerm Hy steeds alle mense wat syne is.
- So magtig is die Here dat Hy nie net met sy leiding vir sy volk sorg nie, maar ook hulle vyande vernietig.

God oorwin altyd, want niemand kan met leuens die waarheid toesmeer nie.

- Die oorwinning van die Here word ook in dié gedeelte simbolies voorgestel deur Mordegai wat Haman se stoel inneem, want hy word na Haman se dood in sy plek in die paleis aangestel.

Die gedeelte het ook die aangrypende Christusprediking dat Jesus as die komende Lig van sy volk geteken word.

- Ester beteken *ster* – *aandster*.
- *Aandster* omdat die Joodse volk na die geskiedenis van Ester vir eeue in die donker verdwyn.
- Nie een bladsy van die Bybel praat van hierdie donker tydperk nie.

Dan verskyn die Blink Mōrester – Jesus Christus.

- Soos wat die stam van Benjamin weer in ere herstel word in die glorie van Ester, herstel die Here Jesus Christus 'n sondevervalle en verlore mensdom in die eer en heiligheid van God se genade.
- Die Here Jesus Christus sterf aan die kruis – waarmee Hy die mensdom wat in Adam sondeverlore geraak het, weer in heiligheid herstel.
- Sy dood was die straf as gevolg van hulle sondes.

Die Here Jesus het ook – soos Ester – 'n feesmaal waarby Hy telkens die oorwinning oor die Satan aankondig. Dis die Nagmaal.

- Die dag nadat Hy die Nagmaal ingestel het, het Hy die vonnis oor die Satan voltrek toe Hyself gesterf het, en met sy opstanding die mag van die dood oor sy uitverkorenes verbreek het.
- Ons onthou dat die Satan oor ons ook 'n Hamanstransaksie aangegaan het.
  - Hy het aan ons die heerlikheid van Godwees beloof!
  - Al wat ons in ruil vir die gehoorsaamheid aan hom gekry het, was
    - 'n skeefgetrekte beeld van die waarheid
    - en al die angs en bitterheid van die hel.

Die aand toe die Here die Nagmaal ingestel het, was daar ook iemand met 'n Hamansgesindheid aan die Pasga-tafel – Judas.

- Aan die tafel van die Here het Judas die geld waarvoor Hy die Here uitverkoop het, al voor sy oë gesien blink.
- Daar het dertig sikkels silwer gewag op hom as hy die Here verraai.
- En net soos Haman sterf hy aan 'n tou oor sy kordaatstuk.

Die Satan het met Jesus meer magte saamgesnoer, want heiden en kerkman werk saam aan die kruisiging.

- In sy hart het die duivel gejuig soos Haman gejuig het oor die verloop van sake.
- Maar dit het vir die duivel sy eie teregstelling beteken – hy val soos 'n bliksem uit die hemel as die Here met krag opstaan.

Die duivel het na die kruisiging en die opstanding nooit meer plek of toegang tot die koninkryk van die Oorwinnaar nie. Die woonplek in die Koninkryk van God is vir ons bestem wat deur die versoening van die Here Jesus heilig gemaak word.

**Amen.**

Slotgebed

### Skrifberyming 1-1:3 (24:3)

- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,  
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.  
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,  
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 12 Junie 2011